**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 01 31 6 11 | 800529 450 | 45 1 | 13734 |

29 MAY 1980

DIE REPUBLIKEIN Jg. 3 Nr. 117 P. 6 Dat.

# Politici moet probleem oplos, nie die private sektor

65 WA

**MNR. P. B. Kappelmann, Windhoek, skryf:**

**U berig van 21 April insake "Kontrak:eurs in noorde sukkel met versekering" is onrealisties en weerspieël nie die ware feite van die situasie nie.**

**Politieke Oproer-versekering is vryelik o; die plaaslike versekeringsmark beskikbaar met dien verstande dat die basiese risiko.** dit wil sê die nie-politiese risiko vir 'n versekeraar. aanvaarbaar is. Indien 'n plaaslike versekeraar hierdie dekking nie wil voorsien nie. is daar genoeg versekeringsmakelaa: met internasionale kontakte wat hierdie tipe dekking oorsee. veral in London. kan plaas.

**Verder behoort die publiek ingelig te word dat sedert September 1978 die kwessie van politieke oproer versekering en terrorisme deur 'n sekere instansie met die voormalige Administrateur-generaal opgeneem is en dat sekere voorstelle aan hom gerig is** — tot op hede is daar nog geen konstruktiewe oplossing deur die kantoor van die A-G gevind nie. In Suid-Afrika bestaan daar 'n S.A.S.R.I.A. skema wat deur die Staat onderskryf word en wat enige probleem insake hierdie versekering uitskakel. Die A-G is op hierdie skema gewys.

Laastens moet dit aanvaar word dat politieke oproer en terrorisme 'n basiese politieke probleem is en dat die private sektor nie altyd die kole uit die vuur kan haal nie. Die ekonomiese omstandighede in Suidwes kan nie anders beskryf word as 'n ressesie nie. derhalwe behoort hierdie spesifieke probleem deur die politici opgelos te word. en nie deur die private sektor nie

**TREFWOORDE**

1 Buitelandse kwessies [illegible]

2 Windhoek

3 Risiko's

4 Versekering

5 Opstande

6 Verwoerkontrakteurs

7 SASRIA

8

9

10

FDS